

MEMORANDUM (Viseuele Teks 1 / 12 Mei 2020)

- (a) Tydskrifte, koerante, TV, CDs, ens
- (b) Waarskynlik radio, TV, koerante, tydskrifte.
Moontlik videos, DVDs, ens
- (c) Tydskrifte - lewenstyle uitgebeeld, inligting oor helde, ens
Koerante - nuus, inligting, vermaak
Radio - nuus, inligting, vermaak
TV - nuus, inligting, vermaak
Film - dokumentêre of vermaak, ens
- (d) Jou lewensreis dusver word uitgebeeld
- (e) media - vervoermiddel vir inligting, kommunikasiemiddele
inligting - data, feite, gegewens, mededeling
- (f) N.a.v. antwoorde.

1.3 Taalleer

HOOFLETTERS (A, B, C)

Wat is 'n hoofletter?

Dit word gebruik:

1. Aan die begin van 'n sin.

Bv. Qns gaan môre see toe.

Die eerste woord: *Ons werk hard.*

Na 'n onbepaalde lidwoord: *'n Mens moet hard werk.*

Na 'n aanhef: *Beste Jan; My liefste Jan.*

. Vir name van:

Bv. Mense – Jannie, Susan

Name en vanne, bv. *Jan-Pierre Pieterse.*

'n Aanhef of 'n aanspreekvorm:

bv. Geagte mnr. Botha, Geagte Meneer,

Mnr. P. le Roux, Beste mnr. Le Roux.

Sakenname: *Sanlam, Noord-Gauteng Rugbyunie, Die Hoërskool Menlopark.*

Tale: Afrikaans, Engels, Duits.

Plekke – Gariepdam, Maselspoort

Riviere – Oranje rivier, Modder rivier

Berge – Drakensberg, Kurannaberg

Dorpe – Welkom, Kimberley

Stede – Johannesburg, Kaapstad

3. Vir die name: God, Here, Christus, Jesus

PUNT (.)

Wat is 'n *punt*?

'n *Punt* word gebruik aan die einde van 'n sin of na afkortings.

**Bv. Dit is lekker by die see,
mnr., dr., ens.**

Doen die oefeninge in die skoon oefeningboek wat by skool afgehaal is. As jy nog nie boeke kom haal het nie, doen dit sommer in enige ander oefeningboek. Sorg dat al jou Afrikaanse werk mooi bymekaar is.

1. Skryf die volgende sinnetjies reg oor met hoofletters en punte:

- 1.1 hond die slaap hondehok in 'n
- 1.2 eet ons eetkamer in die
- 1.3 tuin rose daar in is in die
- 1.4 slaapkamer in my ek slaap
- 1.5 bad ek in badkamer die
- 1.6 eet ons ontbyt die in eetkamer

2. Skryf hoofletters en leestekens waar nodig:

- 2.1 ek woon in klaradynstraat 41
- 2.2 oom jan woon naby die indiese oseaan
- 2.2 ons huis het drie slaapkamers 'n groot kombuis 'n studeerkamer en twee badkamers

3. Oefening in reënboogboeke (nuwe boeke vir kwartaal 3 & 4 wat by die skool afgehaal is.) op bladsy 50. Verskillende sinne en 7 oefen-sinnetjies. Doen die werk in jou nuwe reënboogboek op bl. 50.